

1 Oktober

Skrifgedeelte: Filippense 3:1-16
Fokusgedeelte: NGB, Art 21

Die waarde van Christus se lyding

Om te vergeet is sommer 'n groot frustrasie. Partykeer kan dit egter ook genade wees om te vergeet. Jou herinneringe aan swaarkry, traumatiese gebeurtenisse en sondeskuld kan jou in die lewe terughou, jou vordering vandag belemmer. Daarom val die Bese ons gereeld in die rede met: "Onthou jy nog?"

Ook Paulus dra 'n baie swaar vraag uit die verlede. Uiterlike dinge soos herkoms, opleiding, status en wettiese gedrag was vir hom alles (vers 4-6). Soos ook vandag nog gebeur het al hierdie ywer om uiterlik aanvaarbaar te wees Paulus innerlik verarm. Dit wat Hy gedink het die blink kant van die lewe is, was eintlik "drek" (vers 8 – OAV). Deur sy vertrou op uiterlike dinge het Paulus 'n teenstander van Christus en 'n vervolger van sy dissipels geword.

Die ontmoeting met Jesus Christus verander Paulus se waardestelsel. In Jesus vind hy iemand wat hom onvoorwaardelik liefhet en aanvaar. Nou besef Paulus hoe sinloos dit is om God se aanvaarding deur uiterlike dinge te soek. Jesus het hom mos deur die volledige betaling van al sy sondes "Syne gemaak" (vers 12). God aanvaar Hom uit genade.

Daarom kan Paulus en almal wat Christus en sy vryspraak as hoogste bate ken die verlede "vergeet" en die toekoms "najaag" (vers 14 – OAV). Ons moet ons sondeverlede "prysgee" en "wegwerp" (vers 8). Maak jou los van die dinge wat agter jou is en strek jou uit na die nuwe lewe saam met Christus wat voor lê (vers 13). ONTHOU tog om te vergeet!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)